Graanhanteerders vanjaar gerat

Die graanhanteerders van GOSA (Graanhanterings-organisasie van Suider-Afrika) is gereed om vanjaar, sonder enige knelpunte, ongeveer 15 miljoen ton graan in silo's in Suid-Afrika op te berg, sê Annatjie Loio, president van GOSA. Dit behels inname, hantering, beroking, versending, vervoer en verskeping.

In haar jaarverslag op die 29ste jaarlikse simposium van GOSA te Klub Mykonos, Weskus, het sy gesê die geskatte oeste van verskillende gewasse is 11,7 ton mielies, 541 000 ton sonneblomsaad, 756 000 ton sojabone, 67 000 ton grondbone, 145 000 ton sorghum, 50 000 ton droëbone en 2 miljoen ton koring.

Met 'n plaaslike geraamde verbruik van 9,5 miljoen ton graan laat dit 'n surplus van 2,2 miljoen ton vir uitvoer. Loio het GOSA-lede gelukgewens met hul puik diens verlede jaar met die hantering van 10,4 miljoen ton mielies, waarvan 1,8 miljoen ton uitgevoer is na Mexiko, Italië, Korea, Venezuela, Koeweit, Iran, Japan, Madagaskar en Taiwan.

Ongeveer 100 000 ton witmielies is uit Zambië en 150 00 ton geelmielies uit Roemenië en Oekraïene ingevoer. Met 'n koringoes van 1,4 miljoen ton, het SA 'n tekort van 750 000 ton ingevoer. Daar was ook 'n tekort aan graansorghum en 50 000 ton moes uit Australië ingevoer word.

Volgens Loio bestaan die wêreldgraanvoorraad uit 125 miljoen ton mielies waarvan 58 miljoen ton in Chinese hande is, 213 miljoen ton koring met 65 miljoen ton in China en 60 miljoen ton sojabone.

"Aanduidings is dat Amerika vanjaar 'n reuse mielieoes gaan insamel en met politieke verkiesings in die VSA en Frankryk, kan dit die wêreldekonomie onvoorspelbaar beïnvloed. Die ekonomiese groei in Afrika is die tweede vinnigste in die wêreld. Die sub-Sahara streek het reeds 'n bevolking van een biljoen wat almal gevoed moet word. Vir GOSA-lede beteken dit groter uitdagings in die toekoms aangesien hulle in die bevoorregte posisie is om oor opbergingskapasiteit en infrastruktuur te beskik om graaninvoere na dié streek te kanaliseer," het Loio gesê.

"Die Wêreldvoedselprogram het my reeds genader om kursusse in graanberoking en -opberging vir personeel uit Afrikastate aan te bied. Ek is trots dat ons die kennis en vernuf van ons lede wat ons oor die jare opgedoen het, met ons buurstate kan deel."

Loio, 'n graanhandelaar en besturende direkteur van haar eie besigheid, Unitrade 826, is vir die tiende agtereenvolgende jaar as president van GOSA herkies.

Kontak Annatjie Loio vir meer inligting by (011) 237 6100 of 082 458 7264.

Borge en genooide sprekers op die GOSA-simposium was: Janusz Luterek (Hahn en Hahn prokureurs, genooide spreker), Pieter Malan (assistent-hoofbestuurder: Senwes), dr Roelof Botha (genooide spreker), Annatjie Loio (besturende direkteur: Unitrade 826 en president van GOSA (vir die 10de agtereenvolgende jaar herkies)) en Esli Rall (Rand Aksepbank). (Foto: Hans Lombard)